NAAM VAN DIE SINODE

Lidmate, gemeentes en die Sinode word uitgenooi om kreatiewe voorstelle in te dien om 'n nuwe naam vir die Sinode te vind. Die keerdatum is 15 Februarie 2006. Voorstelle vanaf die gemeente Lyttelton-Oos moet asseblief voor of op Sondag 12 Februarie 2006 aan die voorsitter van die kerkraad of by die kerk-kantoor ingedien word. Die volgende riglyne moet in ag geneem word;

1. Die naam moet eie aan ons Sinode of ons gebied wees.
2. Die naam moet nie verdelend inwerk nie.
3. Die naam moet Afrikaans wees.

Ons sien uit na u positiewe deelname.

'N NUWE PUBLIKASIE VIR VROUE : EK IS SY

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika beplan die publikasie van 'n spesiale Bybeledeelte-boekie, ***EK IS SY***, om saam te val met die Wêreldbiddag vir Vroue, 3 Maart 2006. Dit is gerig op die geestelike behoeftes van duisende vroue in ons land. Die spanning wat vroue elke dag moet hanteer laat hulle ingee, veral as hulle nie geestelik in God se Woord gewortel is nie: Daar is enkelmoeders wat sonder 'n vaste inkomste alleen die pot aan die kook moet hou; daar is die vrou wat MIV-positief is, bewus van die realiteit dat haar gesin binnekort sonder haar sal moet klaarkom; daar is selfs vroue in gewone gesinne wat tegelyk die rol van moeder, eggenote, beroepsvrou of ouma moet vervul. Hierdie mense sal baat vind by dié Bybelgedeeltes.

Elke vrou kan haarself herken in die onderwerpe wat in die 64 bladsy boekie behandel word. Dit help om die wêreldbiddag-tema vir 2006, ***Tekens van die Tye***, positief te verstaan:

* Hoe leef ek in vandag se tye?
* Hoe behou ek balans te midde van soveel gebeure wêreldwyd?
* Ontstel oorloë, aardbewings, epidemies my?
* Hoe antwoord ek op my tiener-kinders se vrae?
* Wat is God se wil vir my lewe?
* Dien ek vandag nog die Here met blydskap?
* Hoe kan ek ander se laste help dra?
* Is God se beloftes nog vir my 'n realiteit?

EK IS SY help vroue met antwoorde op sulke vrae en bied ook geleentheid om lig te bring in iemand anders se lewe.

Die boekies is beskikbaar in Afrikaans en Zoeloe. Die koste is R5.00

Om dit vir u maklik te maak sal ons een bestelling plaas. U moet egter vroegtydig bestel.

Gee u bestelling deur aan Max Amsenga, telefoon 664-3629, tesame met u R5.00.

Suid-Afrika se Wêreldbiddag vir Vroue het 'n bydrae gemaak om die boekie te publiseer en daarvan gratis te versprei aan vroue in gevangenisse, hospitale, ensovoorts.

NG GEMEENTE LYTTELTON-OOS

Dissipels wat vrugte dra tot eer van die Vader

SONDAG, 15 JANUARIE 2006

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

SONDAG 15 JANUARIE

Deurkollekte Noodlenigingsfonds

09:00 Erediens: (Doop?)
(Voorstel Mentors)
09:00 Kindereredienste
10:30 Erediens
15:00 Mentoropleiding
17:30 Jeugdiens (Kategese)

DINSDAG, 16 JANUARIE TOT DONDERDAG 19 JANUARIE

19:00 Week van gebed

WOENSDAG, 18 JANUARIE

Inbetaling Diakonie
19:45 Bedieningskommissie vergadering

SONDAG, 22 JANUARIE

Deurkollekte Motorwag

09:00 Erediens:
09:00 Kindereredienste
10:30 Erediens
17:30 Jeugdiens (Kategese)

DINSDAG, 24 JANUARIE

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 25 JANUARIE

17:30 Biduur

SONDAG, 29 JANUARIE

09:00 Erediens:
(Voorbereiding)
09:00 Kindereredienste
19:30 Erediens
17:30 Jeugdiens (Kategese)

DINSDAG, 31 JANUARIE

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

ONTHOU …

WOENSDAG, 18 JANUARIE

19:45 Bedieningskommissie vergadering

WOENSDAG, 1 FEBRUARIE

19:00 KAF-vergadering
(Begrotingsvergadering)

NUWE INTREKKERS

Is jy 'n nuwe intrekker? Ons wil jou baie graag ontmoet! Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

KOSTER

Tydens die koster se afwesigheid sal Nick Alberts waarneem.

Sy telefoonnommer is: 664-2043 of selfoon 082 700 9791.

VOORBIDDING

1. Bets Redelinghuys (Ridgewood 33, 082 408 7649) wat in die hospitaal was en tans tuis aansterk. (Wyk 14a)

BELANGIKE DATUMS

Teken die volgende datums in u dagboek aan:

16-19 Januarie: Week van Gebed

VAKATURE VIR 'N BOEKHOUER

Die Sinode van Oos-Transvaal beskik oor 'n vakature vir 'n boekhouer by sy kantoor te Kirkialaan 37, Val de Grace.

Halfdagpos

Ondervinding van boekhouding tot by balansstaat.

Rekenaarvaardigheid met Pastel en Microsoft Excel 'n vereiste.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 25 Januarie 2006.

Diensaanvaarding so gou moontlik, maar nie later as 1 Maart 2006 nie.

Salaris onderhandelbaar.

Navrae vir aansoekvorm:

Ds JG Liebenberg tel 012 804 9543

Ons droom van 'n gemeente …

- Waar elkeen weet God se **genade** beteken Hy het elke mens onvoorwaardelik lief en waar elkeen dit in dankbaarheid aanvaar; (Joh 3:16; Lukas 15; 2 Pet 3:9; Lukas 7:36-50)
- wat mekáár genadig is deur mekaar lief te hê, geduld met mekaar te beoefen en mekaar te vergewe; (Matt 18; 1 Joh 4; 1 Kor 13) en
- wat God se liefde deur praktiese diens aan die samelewing toon. (Matt 25:31-46; Jak 1:26)

- Wat in **gemeenskap** met die Vader en met mekaar onder sy sorgsame liefde groei en gedy (Matt 6:25-34);
- wat as huisgesin van God soos familie met mekaar saamleef en waar almal tuis is en voel (Ef 2:19) ; en
- waar die warmte van hulle onderlinge liefde aantreklik is vir mense wat (nog nie) deel daarvan is nie (Joh 13:34-35).

- Waar elkeen naby God leef deur gereeld in **gebed** na Hom toe gaan (Matt 6:5-15; Lukas 11:1-13; 5:16; 6:12);
- wat God in hulle samekomste met opgewondenheid en toewyding eer, dien en aanbid (2 Kron 5:11-14; Hand 4:23-31; Heb 10:24-25); en
- wie se deernis met die nood van die wêreld hulle dring om gereeld daarvoor by Hom in te tree (Matt 6:9-10; Matt 14:14).

- Waar elkeen in geloof **groei** en al hoe meer Jesus se karakter en gesindheid toon (Rom 12:1-2; Joh 13:12-17; 2 Kor 3:18; Kol 3:10);
- waar elkeen toegerus word vir hulle dienswerk (Heb 10:24; Ef 4:11 en 12; 2 Tim 3:16-17; Ef 2:10); en
- wat deur sout-wees en lig-wees die wêreld 'n beter plek maak (Matt 5:13-16).

- Wat **gehoorsaam** is aan God se roeping om sy koninkryk in die wêreld te vestig (Markus 1:15; Matt 10:7-8; Luk 4:17-19; Op. 21:1-5) ;
- waar lidmate hulle funksie in die liggaam getrou en met geesdrif vervul (Ef 4:16; 1 Kor 12); en
- waar lidmate hulle lewensroeping ontdek en dit ywerig nastreef (Joh 20:21; Markus 8:33-38; Hand 1:8.

HOE LEI HIERDIE DROOM ONS NA ‘N LEWE IN OORVLOED?

Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, <u>en dit in oorvloed</u> - Jesus (Joh 10:10)

In hierdie woorde som Jesus die **doel** van sy koms op. Die soort lewe wat Hy vir ons in gedagte het is ‘n oorvloedige lewe—’n lewe vol <u>liefde, vreugde en vrede</u>. Dit is dinge wat nie afhanklik is van *geld of goed* nie. Dit is nie afhanklik van *voor– of teëspoed* nie. Dit is dinge wat in *ons harte* hulle oorsprong het. Dit kom van *binne* en nie van *buite* nie.

Liefde, vreugde en vrede spruit voort uit en word gevoed deur drie baie belangrike verhoudings waarin ons staan:

- Ons verhouding met ons Hemelse Vader
- Ons verhouding met ons gesinslede en mede-gelowiges
- Ons verhouding met mense wat die Here nie ken nie.

Wanneer hierdie drie verhoudings gesond is, dan ontkiem die sade van liefde, vrede en vreugde en groei dit in ons harte. Wanneer hierdie drie verhoudings verwaarloos word, kan liefde, vrede en vreugde nie groei nie.

Kyk weer na die bewoording van ons droom. Merk op dat daar *vyf* paragrawe is. Elkeen van hierdie paragrawe het drie aspekte—een vir elkeen van bogenoemde drie verhoudings.

Die **eerste paragraaf** begin met God se *genade*, sy onvoorwaardelik liefde vir elkeen van ons. Ons moet onsself hiermee VEREENSELWIG; ons moet dit ons eie maak—dit moet die grondslag wees van alles wat ons doen en dink. Wanneer ons dit doen sal daar op ‘n natuurlike wyse ‘n deurvloei wees na ons verhouding met ons gesinslede en medegelowiges. Omdat God ons onvoorwaardelik liefhet, sal ons mekáár ook só liefhê. Ons sal mekaar aanvaar, mekaar verdra en mekaar VERGEWE. Hierdie soort liefde het ‘n impak op mense wat tussen ons lewe wat die Here nie ken nie. Deur God se liefde op praktiese maniere te VERTOON, kom mense onder die indruk van die omvang God se liefde. Dan ontwikkel hulle ‘n begeerte om só ‘n God te leer ken.

Die **tweede paragraaf** gaan oor *gemeenskap*. Dit begin met God se sorg vir ons. Ons is deel van sy huisgesin. Hy is ons Vader en ons kan elke dag op Hom VERTROU om in ons daaglikse behoeftes te voorsien. Omdat God vir óns sorg moet ons ook mekaar VERSORG. Ons moet let op mekaar se behoeftes en op praktiese maniere hulp verleen waar nodig. Verder moet ons mense wat buite staan intrek en VERWELKOM in hierdie sorgsame gemeenskap.

Die **derde paragraaf** is die kern of die hart van ons droom en handel oor *gebed*. Deur gebed moet ons ons verhouding met ons Vader al hoe meer VERDIEP. Ons moet al hoe nader aan Hom leef en wandel. Verder moet ons ook mekaar in ons geloof VERSTERK deur gereeld saam te kom om die Here te dien, te eer en te aanbid. In die teenwoordigheid van ons Vader moet ons ook dink aan diegene wat Hom nie ken nie en vir hulle VOORBIDDING doen.

Die **vierde paragraaf** gaan oor *groei*. Ons moet toelaat dat God ons VERANDER deur ons denke te vernuwe. Dit doen ons deur ons gedagtes te vul met die Woord. Deel van dié propses van verandering is om mekaar te help VOORBEREI vir diens; die ontdekking en ontwikkeling van die gawes wat die Gees ons gee. Wanneer God ons verander word ons in staat gestel om deur sout-wees en lig-wees die wêreld waarin ons woon te VEREDEL.

Die **vyfde paragraaf** is die hoogtepunt van ons droom en handel oor *gehoorsaamheid*. Ons moet in gehoorsaamheid aan God onsself daartoe VERBIND om sy koninkryk in woord en daad te verkondig. In gehoorsaamheid moet elkeen sy of haar funksie in die gemeente VERVUL. In ‘n stukkende wêreld moet ons in gehoorsaamheid aan Hom sy koninkryk VESTIG.

Baie dankie ...

Aan die gemeente ...

Baie dankie vir al u ondersteuning, gebede, besoek(e), kos, hulp, telefoonoproepe en blomme met die afsterwe van ons geliefde Elize.

Dit was vir ons 'n swaar slag maar ons vind ons vertoosting in ons Drie-enige God, die Vader, Sy Seun Jesus Christus, wat vir al ons sondes gesterf het en die Heilige Gees wat in ons woon en ons rig en vertroos en elke dag lei.

Jammer dat ons nie aan almal persoonlike briefies kan stuur nie en dus van ons gemeenteblad, Die Herout, gebruik maak.

Ons waardeer dit van harte en dankie is so 'n klein woordjie, maar dit kom uit ons harte.

Nogmaals dankie en wees verseker u gebede dra ons deur hierdie moeilike tyd.

Liefde aan elkeen.

Martin, Erich en Marlize Cassel

Marie de Lange en Madelein Oertel.

HUWELIKSHERDENKINGS : 15 TOT 21 JANURIE 2006

19/01	WALLY EN TINA HAYWOOD	VAN RIEBEECKLN 136	664 2468	08(c)

VERJAARSDAE : 15 TOT 21 JANUARIE 2006

01/15	MARTIE PITZER	VEGKOP WS 20	664 3233	03(d)
01/15	JAN VENTER	DF MALANLN 211A	082 809 2361	01(b)
01/15	JOHAN GERBER	DF MALANLN 133	664 0529	09(d)
01/16	KINAN SCHOLTZ	CANTONMENTSWEG 29	083 603 0285	08(c)
01/16	JAN GREYLING	HANS STRIJDOMLN 292A	644 0871	04(b)
01/17	BIEBSA MURPHY	DF MALANLN 243A	664 6850	01(a)
01/18	SUNÉ ROELOFFZE	DF MALANLN 29	664 4096	13(d)
01/19	LYNETTE GOUWS	STRELITZIA WS 2	664 7605	01(c)
01/19	SARITA BOTHA	KRUGERLN 219	664 2633	05(c)
01/20	ADÉLL UYS	SMUTSLN 120	664 4598	07(d)
01/21	LIZA KOCK	UNIELN 76	083 444 0405	14(a)

DIE KEER TOE GOD
'N SKRYNWERKER GEWORD HET

(26) JESUS EN DIE SABBAT

Lees: Mk 2:23-3:6

Omdat liefde vir Hom die allerbelangrikste wet van God was, het Hy so anders oor baie sake geoordeel. Anders as die wetgeleerdes, Fariseërs en die volk in geheel. Dit was veral ten opsigte van die vierde gebod wat handel oor die Sabbatdag dat Jesus en sy teenstanders mekaar nie kon vind nie. Vir Jesus het die liefdevolle hemelse Vader die Sabbatdag ingestel vir die beswil van die mens. Die mens het so 'n rusdag, een uit sewe, nodig. Vir die Skrifgeleerdes was die mens daar ter wille van die Sabbatdag. Die mens moes buig voor die Sabbatwet. Die verskil het gekom omdat hulle die wet verhef het tot iets bokant die mens waaronder die mens moet buig terwyl Jesus alles vanuit die liefde betrag en beoordeel het. God het die mens in liefde geskape en toe die Sabbatdag ingestel sodat die mens nie soos 'n masjien sal werk nie maar sy nodige rus kan inkry. Dit beteken nie dat God toe 'n wet gemaak het wat 'n dwingelandy oor die mens uitoefen nie. Daarom het Jesus op die Sabbatdag sy dissipels toegelaat om koringare te pluk, uit te vryf en te eet. Daarom genees Hy 'n man se gebreklike hand op die Sabbat terwyl dit aanstoot gee aan die Fariseërs. Netso genees Hy 'n vrou op die Sabbatdag.

Omdat die liefde vir Hom God se grootste gebod was, huiwer Hy nie om sonde te vergewe op dié dag nie. Hy het geweet hoe sonde 'n swaar las vir die gewete van die mens kan wees. Dis soos 'n siekte wat binnekant skroei en die mens moet stilbly. Niemand weet wat is fout nie. Al oortree hy God se gebod in stilte waar niemand hom sien nie, die mens se gewete weet alles en vergeet dit nie.

Dit tref 'n mens dat Jesus op die Sabbatdag sinagoge toe gegaan het om te aanbid. Daar bly Hy nie weg nie. Die Sabbatdag was vir hom die dag van die Here.

VRAAG:

· Wat behoort ons op ons rusdag, die Sondag, te doen?

GEBED:

Vader, dankie dat U vir ons 'n rusdag ingestel het. Help ons om dit reg te gebruik. AMEN.

VAKATURE : OOGKUNDIGEPRAKTYK — 1 FEBRUARIE 2006
Lyttelton Sentrum, Cantonmentsweg
Lyttelton

Vir besonderhede, skakel: 664-0089 of 082 417 0815